# HOOFSTUK 1

# DIE VROEë EUROPESE GESKIEDENIS

Om ons voorgeslagte se lewens en soms ook hulle gedrag te verstaan moet die omstandighede waarin hulle geleef het asook die kernredes wat hulle gemotiveer het om na Suid-Afrika te immigreer begryp word. Dit is goedgedink om met die vroeë Europese geskiedenis te begin omdat dit vir baie van ons onbekend is of reeds begin vervaag het. Gevolglik bespreek hoofstuk 1 dan kortliks die vroeë Europese geskiedenis, betekenis van sommige van die familiename, die konsep van familiewapens, Die Verenigde Oos-Indiese Kompanje (VOC), die vaart na Kaapstad en die slawe aan die Kaapkolonie. Laastens kom biologiese geskiedenis ook ter sprake naamlik die wyse waarop voorouer gene oorgedra word.

## 1.1 Die vroeë geslagte

Die oorsprong van die Brinkfamilie kan nagespeur word na die staat Wesfale, Pruise. Pruise is vandag algemeen bekend as Duitsland hoewel daar sedert die Middeleeue heelwat geografiese verdeling en weer herverdeling plaasgevind het. Aangesien die nagevolge van die 30-Jarige Oorlog 'n groot invloed gehad het op die sosio-ekonomiese Europese samelewing waarin stamvader Andries Brink en sy ouers groot geword en geleef het, is dit seker meer van pas om meer daarop te fokus.

Met die ondertekening van die Vrede van Wesfale in 1648, is die 30-Jarige Oorlog beëindig. Die oorlog was van die vernietigendste en wreedste wat in post-middeleeuse Wes-Europa gevoer is. Pessiektes, hongersnood, verminking en marteling, barbaarsheid is teen die populasie gepleeg en het die totale Pruisiese kultuur en samelewing ernstig geknou. Die hele Europa is egter ook nadelig geraak.

Die oorlog wat van 1618 tot 1648 geduur het, het aanvanklik as 'n godsdienstige oorlog begin. Die stryd was tussen Duitse protestantse prinse, Frankryk, Swede, Denemarke en Engeland teen die Katolieke Pruise van die Heilige Romeinse Ryk. Mettertyd het handelsbelange, seevaartregte, dinastiese intriges, verwikkelinge in die Oossee-gebied en vorste wat na willekeur van bondgenote verander het, die oorlog veel meer as 'n godsdienstige twis gemaak. Die godsdienstige twispunte het gespruit uit die teenkanting van die Rooms-Katolieke Kerk teen die Protestantse hervorming. Selfs met die vredesooreenkoms was die houding van die Rooms-Katolieke Kerk onversoenbaar. Tot so mate dat die Pous nie die Vrede van Wesfale wou erken nie omdat hy nie tevrede was met die instelling van godsdiensgelykheid wat in die vredesooreenkoms vervat is nie. Noord en sentraal Duitsland en ook Pfalz en Wurtemburg word Protestants, terwyl Oostenryk, Beiere, en groot gedeeltes van die Ryn en Dondu gebied onder Katolieke invloed bly. Die vredesooreenkoms het voorts alle politieke mag van die Pous ontneem.

Die volgende aanhaling uit *The History of Europe* deur *HAL Fisher*, gee 'n duidelike beeld van die onaangename omstandighede waarin die stamouers na die 30-Jarige Oorlog moes geleef het: "*Damage and losses were extensive and recovery was slow, so that Germany suffered for several generations from the material consequences of the war. War casualties, disease and famine had under-populated certain areas. Agriculture and livestock sources had declined and the oppression of peasants was intensified as landlords tried to recover from the war by increasing the exploitation of their land. The commercial life of Germany was weakened immensely*."

'n Groot deel van die Duitse bevolking het met net wat hulle kon saamdra tydens die oorlog gevlug. Dit is nie duidelik watter persentasie van die bevolking gesterf het as gevolg van militêre skermutselings nie, maar wat duidelik is uit inligting tot ons beskikking, is dat 'n beduidende deel van die bevolking nie oorleef het nie. Sommige geskiedkundiges raam dat ongeveer 'n derde tot selfs die helfte van die bevolking moontlik gedurende hierdie tydperk uitgewis was.

Nog 'n bydraende faktor tot die sterftes was die pes wat by twee geleenthede gedurende die oorlog uitgebreek het. Lank na die beëindiging van die oorlog het baie plase en huise in Pruise leeg gestaan. Sommige van die plase en huise is beset deur vreemde soldate en ander weer deur ongure elemente van die bevolking wat gewoonlik agter die soldate aan deur die land getrek het. Hierdie elemente het sover as wat hulle getrek het brand gestig en die bevolking gemartel en alles wat oor was verder geplunder.

Na die beëindiging van die oorlog was die smarte nog nie verby nie. Werklose soldate het bendes gevorm en die bevolking geterroriseer. Lede van die sogenaamde *Schützengesellschaft* is opgeroep om die omliggende gebiede in Pruise te deursoek om hierdie bendes te probeer opspoor en van hulle ontslae te raak. In 1651 is van hierdie *Schützengesellschaft* manskappe ook weer opgeroep om die Pruisiese gemeenskap te help beskerm teen 'n dreigende inval en in 1660 moes hulle die bevolking weereens beskerm teen moontlike teistering deur keiserlike troepe wat deur die Graafskap van Mark se grondgebied getrek het. Dus het die bevolking onder 'n voortdurend wolk van vrees en twis geleef. Eers teen die einde van die eeu het rustiger tye vir die mense van Europa aangebreek. Voorouers van die Brinks, Scheffers, Hofmeyrs, Snijmans, Krügers, Botha's en ander families het in die tyd by die VOC aangesluit en na die Kaap gereis om van die armoede waarin Pruise ná die oorlog vasgevang was te ontsnap en van die ander ellendes in Europa te ontvlug.

**Pruise 1701 - 1871**




Die Brink voorgeslagte kom oorspronklik uit die Wesfale gebied wat begrens word in die noorde deur Neder-Sakse (Niedersachsen), in die suide deur die Rynland-Palatinaat en in die weste deur België en Nederland. As gevolg van al die oorloë in Europa het die Brinks

oor tyd versprei en hulle later in lande om Pruise gevestig. Dit het ondermeer gebiede soos Denemarke en die westelike gedeeltes van Nederland ingesluit.

Dusseldorp was die hoofstad van die Wesfale streek. Ander bekende stede van die Wesfale streek is Esse, Keulen, Dortmund en Bonn, wat na die Tweede Wêreld Oorlog die Duitse hoofstad word. (Na die val van die Duitse skandmuur in 1989 herwin Berlyn weer sy hoofstad status.) Die noordwestelike gedeelte is laaglande wat oorgaan in die riviervalleie soos die Ryn, Rühr en Möhne.

Die relatiewe vrede in Europa was van korte duur en in 1685 breek daar weer 'n oorlog uit. Die Franse koning Louis XIV lê beslag op gedeeltes van Pfalz, Pruise, in die naam van sy skoonsuster Liselotte. Hierdie oorlog tussen Frankryk en Pruise word in ongelooflike brutaliteit volgens die tereurbeleid van sogenaamde *burned earth* gevoer. Sistematies word alle stede, dorpe en bymekaarkomplekke verbrand. Die inwoners het geen ander keuse as om te vlug nie en verskeie mense immigreer ooswaarts na Hesse terwyl ander Amerika verkies. Vandaar die Amerikaanse Brinks met dieselfde stamname as die Suid-Afrikaanse familie. Vir menige familiestudies eindig die navorsing hier want tydens die *burned earth* periode is alle dokumente en rekords verbrand.

Die Franse het op hulle beurt ook deur ‘n omstuimige periode gegaan. Die Hugenote was Protestantse lede van die Gereformeerde Kerk wat in 1550 deur Johannes Calvyn gestig is. Die oorsprong van die naam Hugenoot is onseker maar dateer uit ongeveer 1550, toe dit gebruik is in hofsake teen die sogenaamde ketters naamlik diegene wat nie saamstem met die Rooms-Katolike Kerk se leringe nie. As skimp- en skelnaam is dit selfs verbied deur Hendrik IV (Hendrik van Navarre, wat self vroeër 'n Protestant was) in regulasies wat aan die Edik van Nantes in 1598 gekoppel was. Die Edik van Nantes wat in 1598 uitgevaardig is ken naamlik godsiensvryheid toe. Die Franse Protestante self het aanvanklik niks van die woord gehou nie, en na hulle self as *réformees* (gereformeerdes) verwys. Dit was heelwat later dat die naam Hugenoot 'n erenaam geword het. Die stryd tussen Protestant en Katoliek in Frankryk het uitgeloop op uitreiking van ‘n algemene edik, op 29 Januarie 1536, wat die uitmoor van die Hugenote aangemoedig het. Op 1 Maart 1562 is ongeveer 1,200 Hugenote vermoor by Vassy in Frankryk. Dit was die begin van die godsdiensoorloë wat Frankryk uitmekaar geskeur en verwoes het.

Gedurende die berugte St Bartholomeusnag van 23 en 24 Augustus 1572 is meer as 8,000 Protestante, insluitende Admiraal de Coligny, Goewerneur van Picardy en leier en spreekbuis van die Hugenote, in Parys vermoor. Dit het geskied tydens die huwelik van Hendrik van Navarre, 'n Hugenoot, met Marguerite de Valois, dogter van Catherina de Medici, toe duisende Hugenote in Parys vir die huweliksfees saamgetrek was. Dit was Catherina de Medici wat haar seun, Karel IX van Frankryk, oorreed het tot die massamoord, wat twee dae geduur en na die platteland versprei het. Op Sondagoggend 24 Augustus 1572 het Catherina self deur Parys se strate gewandel om inspeksie van die dooies te hou. Hendrik van Navarre se lewe word egter gespaar, danksy die feit dat hy voorgee om die Rooms-Katolieke geloof aan te hang. In 1593 besluit hy om die Rooms-Katolieke geloof te aanvaar, en vyf jaar later is hy gekroon as koning Hendrik IV, die onbetwiste heerser van Frankryk. Toe die eerste gerugte van die massamoord op St Bartholomeusnag die Vatikaan in Rome op 2 September 1572 bereik, was pous Gregorius XIII jubelend en wou hy vreugdevure in Rome laat aansteek. Hy is oorreed om te wag vir die amptelike bevestiging van die nuus; dieselfde oggend van die dag waarop hy die bevestigende nuus ontvang het, het hy 'n dankdiens gehou en aangekondig dat *dit God behaag het om ons barmhartig te wees*. Hy en die kardinale het vervolgens na die St Markus-kerk

verdaag om 'n *Te Deum* aan te hef, en het gebid en gebede versoek dat die mees Christelike Koning van Frankryk sy hele koninkryk mag verlos en reinig van die Hugenote plaag. Op 8 September 1572 is 'n dankseggings-optog in Rome gehou. Die pous het, in 'n gebed na afloop van die mis, God gedank dat hy *die Katolieke bevolking 'n glorieryke oorwinning oor 'n verraderlike ras* gegee het (*gloriosam de perfidis gentibus populo catholico loetitiam tribuisti*). Gregorius XIII het Vasari opdrag gegee om tonele in een van die Vatikaan se lokale te skilder van die triomf van die mees Christelike Koning oor die Hugenote. Ook is 'n medalje laat slaan waarop die engel van verdelging die Hugenote met die swaard uitwis, met die inskripsie: *Hugonotorium strages* (*Slagting van die Hugenote samesweerders*). In Frankryk self het die Franse owerhede bevel gegee dat beelde van Admiraal de Coligny verbrand, dankgebede opgestuur en dankseggings-optogte jaarliks op 24 Augustus gehou word, uit dankbaarheid dat God die Katolieke die oorwinning oor die Hugenote gegee het.

Die *Edik van Nantes* is op 13 April 1598 deur Hendrik van Navarre onderteken, wat 'n einde gebring het aan die burgeroorlog tussen Protestante en Katolieke. Die Hugenote was toegelaat om hul godsdiens te beoefen in 20 gespesifiseerde Franse vrystede. Frankryk is verenig en 'n dekade van vrede het gevolg. Nadat Hendrik van Navarre egter in 1610 vermoor is, het die vervolging van die afvalliges egter weer in alle erns onder leiding van Kardinaal Richelieu begin. Die Hugenote se vrystede het die een na die ander verlore gegaan nadat dit deur Kardinaal Richelieu se magte verower is. Die laaste en ook die vernaamste sterkste vesting, *La Rochelle*, is in 1629 na 'n maandlange beleg prysgegee.

Lodewyk XIV (die *Sonkoning,* 1643 tot 1715) het sy leuse *l'état c'est moi* (ek is die staat) uitgeleef, en die berugte *dragonnades* ingestel waardeur dragondersoldate by Hugenote-gesinne ingeboek is. Hy het met 'n beleid van *une foi, un loi, un roi* (een geloof, een wet, een koning) die Edik van Nantes op 22 Oktober 1685 herroep. Die grootskaalse vervolging van Hugenote het opnuut en met groter felheid begin. Protestantse kerke en die huise van hardnekkiges is afgebrand en geplunder, en hul psalmboeke en Bybels is verbrand. Baie Hugenote het op die brandstapel gesterf. Voorts was emigrasie onwetting verklaar. Dit het aanleiding gegee dat ten minste 200,000 Franse Hugenote gevlug het na lande soos Switserland, Engeland, Amerika en Suid-Afrika waar hulle godsdiensvryheid kon geniet. Die grootste getal Hugenote vlugtelinge wat na die Kaap van Goeie Hoop gevlug het nadat hulle eers Nederland toe gevlug het, gedurende 1688 tot 1689 aangeland.

### 1.2 Die betekenis van sommige van die familiename en die Brink van

Die oudste opgetekende Brink rekord dateer uit 1450 in die naam van Hindryck Brinck en is in Nederland geboekstaaf. Ongelukkig is alle Duitse rekords vernietig en sal die werklike eerste inskrywing nooit nagevors of bepaal kan word nie. Verskeie variasies kom reeds vroeg voor en in 1456 word Brink ook as Brynck genotuleer. Dit is nie vreemd nie aangesien in die huidige Brink nageslag verskeie spelfoute met name gemaak is, en dit nogal in die eeu toe geletterheid algemeen was. Nie minder as drie spelfoute is in name (sien Cornelius b1c5d3e9f2, Arend b1c5d3e9f2g1 en Sheila b1c5d3e9f2g1) gemaak waarvan ons vandag bewus is, hoeveel te meer in die vroeë tye nie. Vir verdere besonderhede sien hoofstuk 3. In die 1600s en 1700s was dit normaal om dieselfde ding op verskillende maniere te spel. Dit kom byvoorbeeld voor dat in één dokument die woord kok (chef) ook as coc, cocq, coq of coqx gespel word. Die name van mense word dan ook op verskillende manier gespel. Byvoorbeeld Jan Jansz van Leiden word in dieselfde dokument Jan van Leijen genoem of Jan van Leij in plaas van die volle verwysing Jan Janszoon uit Leiden. Met Franse name raak spelling en dus ook identifikasie gekompliseer

omdat die naam vir die Nederlanders vreemd was en by sommige ook soms 'n alias aangeheg was. So byvoorbeeld was Jean le Sur ook bekend as Jean Decré.

Van die bekendste familie Brink mansvoorname beteken die volgende:

- Andries afgelei van die Griekse woord '*andreios*', met die betekenis '*mannelijk en dapper*'.
- Arend afgelei van die Germaanse woord '*aran*', met die betekenis '*heersen*'. Die naam beteken dus '*heersend als een adelaar*'. Die oudste getekende Arend Brink is in 1669 in Quackenbruck, Hannover, Pruise aangeteken.
- Bertie (Bertran) afgelei van die Germaanse woord '*brech*' wat '*helder*' of '*stralend*' en '*ramn*' wat raaf betekend. Die naam beteken '*schitterende raaf*'.
- Cornelis waarskynlik afgelei van die Latynse woord met die betekenis '*de gehard, zo hard als een horn*'. Die oudste opgetekende Cornelis Brink is in 1659 ter see opweg na New York genotuleer.
- Daniel, afgelei van Hebreeuse woord '*God is mijn rechter of rechter van God*'.
- Hermanus, Germaanse naam met die betekenis van '*man, held van het leger*'.
- Jacques afgelei van die Hebreeuse woord met die betekenis van '*hij die de hiel greep*'. Vir die wat Jacques (b1c5d3e9f2g1h4i2) ken - heel toepaslik!
- Johannes afgelei van die Hebreeuse woord met die betekenis '*Jahweh is genadig*'.

Die volgende betekenisse word gekoppel aan die Brink vrouename:

- Alida (Adelheid) afgelei van die Germaanse 'adel', met de betekenis '*adel*' , en '*heid*", met de betekenis '*geslacht*'. Die naam beteken dus van edele gestalte.
- Maria afgelei van die Hebreeus '*Mirjam*' of '*Mariamne*'. Die naam is veral bekend aan Maria, die moeder van Christus.
- Johanna afgelei van die Hebreeus met die betekenis '*Jahweh is genadig*' en is die vroulike vorm van Johannes.
- Elizabeth afgelei van die Hebreeuse Eliseba, met die betekenis: '*God is my getuienis*'.
- Anna afgelei van die Hebreeuse '*hanna*', met die betekenis '*genade of begenadigde*'.
- Sheila van het Latynse woord '*caecus*' wat '*blind*' betekend. Caecilia was 'n martelares in die Romeinse geskiedenis van die 3de eeu.
- Sarie afgelei van die Hebreeuse '*sjar*' wat '*vorst*' beteken. Die betekenis is dus die vorstelike.
- Marilize, die samevoeging van die betekenis Maria en Elizabeth.

Ongeveer 70 persent van die Nederlandse Brinks bly in die vier provinsies, Gelderland, Overijsel, Drenthe en Groningen wat almal aan die ou Pruise grens. Die Nederlandse Brinks het die volgende stamname: Roelof, Lambert, Hendrik, Pieter, Cornelis, Gerrit, Hinrik en Henrickje en kom meestal van Gelderland af. Brink kom ook as pleknaam in Nederland voor. As daar volgens die name beoordeel moet word, is die Suid-Afrikaanse Brinks nie direk aan die Nederlandse Brink familie gekoppel nie, hoewel daar baie skakelings met hulle bestaan. Brinkvertakkings het ook in Kingston, Ulster (Noord-Ierland) en New York, Amerika in 1650s gaan vestig. Vandaar die Cornelis, Andries wat Andrew in Amerika heet. Na aanleidng van 'n LDS Familie-ondersoek is dit opvallend hoeveel Brinks in Swede en Denemarke is.

Die van Brink het 'n mooi en letterlike oorsprong. Die 'Brink' in die vroeër tyd was die dorpsplein en was gewoonlik 'n sentrale gras bedekte publieke area omring met bome. Mense wat rondom so 'n plein gewoon het was 'van den Brink' en het graag die Brink as

van gebruik. Dit was skynbaar 'n statussimbool om op die brink te woon - die middelpunt van bedrywighede. Daar is vandag nie minder as 51 variasies van die Brink van en sluit ondermeer vanne soos Brynck en Brinkhaus in.

### 1.3 'n Familiewapen

Vir meeste mense is die familiewapen 'n saak van groot trots. Minwetende dat weinig mense in Suid-Afika kan aanspraak maak op 'n egte wapen. Tydens 'n genealogiese studie kom mens onder die indruk van fabelagtige stories oor die geslagsverledes. Dit geld dan natuurlik ook vir die stories oor die oorspronlike stamvader. Hiernaas is 'n wapen wat bekom is nadat 'n Brinkafstammeling beweer het dat hierdie wapen 'n afdruk is van die oorspronklike wapen van Andries Brink. Geen uitspraak word gemaak ten opsigte van die geldigheid van die Brinkwapen nie behalwe om te verwys na die geskiedenis wat hieronder uiteengesit is. Die woorde onder hierdie wapen *Aequus in Ardius* beteken *Rustigheid/Kalmte/Gelykmatigheid te midde van/in uitdaging.*

Charles Bell[1] beskryf die Brink familiewapen soos volg: In silwer 'n verhoogde grond met drie heuweltoppe van natuurlike kleure. Bell noem dit net Brink en geskiedkundiges meen dat dit waarskynlik die wapen van Carel Friedrich Brink was, wat afkomstig van Berlyn was. (Vir verdere besonderhede oor Carl Friedrich sien hoofstuk 3.) In die versameling van Kaapse Argief is egter 'n lakafdruk van 'n Brinkwapen wat tot die afstammelinge van Andries Brink behoort het naamlik Daniël Brink uit Wagenmakersvallei (tans bekend as Wellington.) Dit het waarskynlik betrekking op die kleinseun van Daniël Brink (b7c6), getroud met Elisabeth Myburgh. Meegaande voorstelling vertoon 'n boom met 'n hert wat op los grond lê. NH Theunissen[2] het in 1946 die onderstaande wapen aan die Suid-Afrikaanse Brinks toegeken: 'n voorstelling van 'n groen eiketak bo-op groen heuwels met drie goue akkers op silwer agtergrond. Dis 'n variasie van die wapen van die Nederlandse familie maar geen verband met die Suid-Afrika familie tak kan vasgestel word nie. Aangesien daar nie met sekerheid gestel kan word welke indien enige, die Suid-Afrikaanse Brinkfamiliewapen is, word die geïllustreerde wapens slegs vir kennisname ingesluit.

'n Familiewapen is tydens die Middeleeue op 'n ridder se skild aangebring en was gereken as persoonlike eiendom - slegs die oorspronklike wapenvoerder en direkte manlike nageslag het op die betrokke wapenskild aanspraak. 'n Familie kan nie 'n bestaande wapenskild toe-eien nie, tensy hul hulle aanspraak daarop kan bewys. Dit behels dat die familie moet kan toon dat hulle 'n direkte afstammeling is van 'n persoon wat in die verlede dié wapenskild op 'n regmatige wyse bekom het. Daar is slegs 'n geringe aantal Suid-Afrikaners wat tot dusver aanspraak op 'n outentieke historiese wapenskild kon bewys. 'n Mens kan

[1] *Die Groot Afrikaanse Familienaamboek* - C. Pama Uitgegee deur Human en Rousseau Uitgewers (Edms) Bpk 1983.

[2] Bekende heraldikus in die geskiedenis van Suid-Afrika.

nie eenvoudig 'n Europese wapenskildeboek oopslaan en 'n wapenskild wat onder die familienaam voorkom vir die Suid-Afikaanse familie toe-eien nie. Ook is alle persone wat dieselfde familienaam het, nie noodwendig op dieselfde wapenskild geregtig nie.

Meeste sogenaamde familiewapens wat in Suid-Afrikaanse heraldiese en genealogiese publikasies voorkom, is wapens wat nog nooit regmatiglik aan enige Suid-Afrikaner behoort het nie. 'n Groot getal van hulle is nuwe skeppinge wat eers sedert die veertiger jare van hierdie eeu deur die outeurs uitgedink is. Die meeste wapenskilde wat by skoue gekoop word, deur die pos bestel is en in baie huise vertoon word, is onbewese en nie op die persone aan wie dit verkoop is van toepassing nie.

Die internasionale geskiedenis van familewapens word kortliks opgesom. Heraldiese deviese, dit wil sê, embleme van bepaalde kleure en ’n bepaalde fatsoen wat vir militêre en persoonlike identifikasie gebruik is, het van vader tot seun oorgegaan. Hulle was uniek tot die indiwidu binne ’n spesifieke ryk of landstreek en kan teruggevoer word tot ’n groep families in Vlaandere en nabygeleë lande - afstammelinge van Karel die Grote.

Die vestiging van die Normandiërs as groot grondeienaars dwarsdeur Engeland en in dele van Wallis, Skotland en Ierland, en hul verrysing as ’n afsonderlike klas in wat nou feodale Engeland geword het, het die gebruik van heraldiese deviese veralgemeen onder die hereklas van Brittanje. Vandaar die implanting van simbole by die anneksasie of verowering van ‘n land of grondgebied. Omdat die Normandiërs steeds met hul familie op die Europese vasteland kontak gehou het, het hierdie gebruik ook na ander lande versprei; eerstens na Frankryk en Pruise en later na Italië en Spanje. Teen die vroeë 12de eeu (tussen die Eerste en Tweede Kruistogte) was heraldiese wapens feitlik universeel in gebruik onder ridderlike families in hierdie lande.

Die besit van ’n wapenteken was ’n kenmerk van lidmaatskap tot die krygerklas en aanspraak op ridderskap, selfs al was die persoon so arm was dat hy skaars swaard, wapenrusting en perd kon bekostig. In Duitsland was sulke arm ridders dikwels as ongeskik vir ‘n huwelik beskou. Die ridder was ook ’n offisier, van wie dit verwag is om sy eie manskappe saam te bring, en om hulle van uitrusting en wapens te voorsien.

In die eeue wat daarop gevolg het, het uiteenlopende heraldiese praktyke in die lande van Europa ontstaan. In die gebied wat Nederland, België, Switserland, Oostenryk, Boheme en die noord-oostelike dele van die huidige Frankryk ingesluit het, het die aristokrasie hoogs eksklusief geword. Huwelike tussen families van koninklike, prinslike, hertoglike rang en die middel-adel van markgrawe, grawe en burggrawe is verbied. So ook huwelike tussen die graaflike stand en die laer-adel van baronne en ridders. Veral Duitse grawe het gestrewe om hulself na hoër rang te bevorder, en het dikwels hul graafskappe omskep in *Fürstentüme*, of hertogdomme.

Die tentoonstelling van ’n familiewapen is geassosieer met toernooie, die bloedige sport van die aristokrasie in die middel-eeue. Ridders wat aan hierdie krygersport wou deelneem moes eers hul harnas, skild met wapen en helm voor die aanvang van die spele ten toon moes stel. Enigiemand wat onwaardig geag is, as gevolg van onegtheid, immoraliteit of nie-adellike herkoms, is uitgewerp. Helmtekens in die tyd het hoogs swierig geword. In dieselfde tyd het stede ook heraldiese deviese begin gebruik. ’n Keiserlike vrye stad het die keiserlike wapen getoon as teken van hulle direkte onderdanigheid aan die Keiser.

Snobisme word veral met die heraldiek van Engeland geassosieer. Soldate het naamlik in die verlede die huishoudings van wapenvoerendes ondersoek het om vas te stel of hulle wel here was - die besit van of gebrek aan tafelsilwer is as beslissende maatstaf geneem. Binne die geledere van dié wat wapens gedra het, bestaan daar feitlik 'n klasloosheid, wat grootliks ontleen is aan die gedagte dat almal wat titels het geregtig is op 'n setel in die *House of Lords*, Britse Hoërhuis, en dus as ten volle edel beskou kan word. Hierdie adel was 'n sogenoemde *peers of the realm* en gereken as eweknie van die koning. Alle ander persone is nie-adellik of gewone burgers *commoners*.

'n Enger definisie van *commoner* is dat almal wat nie direk verwant is aan die koningsfamilie nie, *commoners* is, selfs persone van die hoogste range van die samelewing, soos hertoë en hertoginne.

Dit is kenmerkend van Duitse heraldiek dat vertakkinge van dieselde familie dikwels aangedui word deur die gebruik van verskillende helmtekens in verskillende landstreke. In ander gevalle weer word identiese deviese maar in verskillende kleure gedra.

Frankryk het 'n menigte naas-identiese wapens wat aan onverwante families behoort. Die latere konings van *ancien régime*-Frankryk dit wil sê voor die Franse Rewolusie van 1789, het belasting op wapenvoerende families gehef. Om die wydste moontlike insameling te verseker, is feitlik enigiemand wat die belasting kon bekostig, gedwing om 'n wapen te voer.

Die Franse heraldiek het geen historiese tradisie vir die verleen van wapens nie - wapens is bloot gekies en is deur 'n proses van verjaring aanvaar.

Heraldiek is in Suid-Afrika gevestig met die oprigting deur Portugese ontdekkingsreisigers van *padrões*, of klipbakens. Die bakens het aangedui dat 'n sekere landstreek of gebied deur skepe besoek is wat in diens van die koning van Portugal gestaan het. Sulke klippe het bestaan uit 'n pilaar met 'n kruis bo-aan en, net onderkant die kruis, 'n tablet wat die Portugese koningswapen gedra het. Sien illustrasie links.

Tydens die Nederlandse bewind aan die Kaap het heraldiek in algemene gebruik gekom, alhoewel dit grotendeels 'n soort vertoon was in privaathuise en op rouborde met afsterwe van 'n familielid. Die rouborde word tans in die Groote Kerk in Kaapstad uitgestal. Dit was egter nie voor die tyd onder die Bataafse Republiek, 1803 tot 1806, dat wapens offisieel deur Engeland verleen is, en dan alleenlik aan plaaslike owerhede. Onder die Britse bewind, en ook terwyl die Unie van Suid-Afrika onder Britse beheer was, het die Heraldiese Kollege in Londen 'n soort beheer uitgeoefen, en dan gewoonlik net op versoek. Sedert 1963 het Suid-Afrika 'n eie Staatsheraldikus, wat aan die hoof staan van die Buro vir Heraldiek. Enigiemand wat sy reg om 'n heraldiese wapen te voer, bewys het, mag dit gebruik. Die gebruik sluit in die volle wapen met skild, helmteken en leuse óf die skild alleen, óf die helmteken, óf enige aanvaarde geassosieerde embleem soos die soort embleem wat in Nederlands *een leus* (meervoud *leuzen*) of in Engels 'n *badge* genoem word. Genoemde wapens mag daarna aangewend word vir identifikasiedoeleindes ten opsigte van die persoon, eiendom, of om huisbesigheid of selfs sy seiljag of vliegtuig te versier.

## 1.4 Die Verenigde Oos-Indiese Kompanje

Ondersoek na die herkoms en geskiedenis van stamouers wat met die VOC na die Kaap gekom het, hang noodwendig saam met die opkoms van Nederland as 'n koloniale moondheid en die uitbreiding van die Nederlandse handel. Dit blyk duidelik dat die mag van die VOC en al sy menigvuldige bedrywe 'n noodsaaklike voorstudie van die projek sal moet uitmaak. 'n Skynbaar eenvoudige studie oor 'n stamvader word bemoeilik in 'n doolhof van uiters interessante, maar miskien ook soms onnodige besonderhede. 'n Mens wil probeer weergee hoe dit in die beginjare was om aan die Kaap te lewe; waarom die Nederlanders aan die Kaap was; wat hulle uit Europa saamgebring het en hoekom hulle slawe ingevoer het. Om dit alles te kan beskryf is iets vir 'n ander geleentheid en word daar slegs kortliks na sekere belangrike mylpale in Suid-Afrika besonderse kleurryke geskiedenis verwys.

Baie werknemers van VOC was slagoffers van die *zielverkopers*. 'n *Zielverkoper, volkhouders of borgen* was basies 'n werksverskaffingburo maar slegs van 'n laer kwaliteit. Duitsers en ander Noordelike Europeërs het van *zielverkopers* gebruik gemaak om werk te kry. Die *zielverkopers* sou huisvesting verskaf in ruil vir 'n pand wat die voornemende arbeiders moes teken totdat daar werk aan hom voorsien kon word. Die *zielverkopers* het ook gereeld hierdie verpande mense aan die *zielenkoper* verkoop.

Die VOC het geen goeie reputasie onder die Nederlanders gehad nie, as gevolg van onaantreklike arbeidsvoorwaardes en lone. Om as soldate te werk was nog minder aangenaam. As gevolg hiervan moes die VOC arbeiders uit die buiteland trek. Baie arbeiders het dan ook vanaf hawestede uit die Noord-, Oos- en Wit See of vanaf Pruise oftewel Duitsland gekom. Duitsland het gely onder armoede, hongersnood, oorlog en vervolging. Werksoekers kon hulle by enige van die VOC se kamers aanmeld, maar omdat Amsterdam daardie tyd die derde grootste stad in Europa was, slegs London en Parys was groter, het die meeste mense daarheen gegaan om werk te soek.

Op bepaalde dae is op en af deur alle strate en stege met trommels, hedersfluite (skalmeie) en trompette aangekondig dat nuwe werkers by die VOC benodig word. Die kantore was geleë te Oostindisch Huis, 'n reeks van geboue in Oude Hoogstraat, Amsterdam. Tans word die oorspronklike VOC hoofgebou deur die *Sociologisch Instituut* van die Universiteit van Amsterdam gebruik.

Diegene wat as matrose of soldate kon diens doen moes 'n kontrak vir vyf jaar diens in die Ooste of aan die Kaap teken. Dit het nie die heen- en terugreis ingesluit nie wat beteken het dat nog twee jaar bygevoeg moes word. (Sien die aantekeninge van stamvader Andries Brink vervat in hoofstuk 3.) Die *zielverkopers* wat by die indiensneming betrokke was, het hulle voorsien van 'n skeepskis met die basiese noodsaaklikhede byvoorbeeld 'n jas, hemde, slaapmus, matras, kleipype en brandewyn of jenewer. Hulle is dan onmiddellik toegewys aan 'n skip wat anker gelig het sodra die weer gunstig gedraai het.

**'n Afrika kaart van 1763**



Die kaart van D'Anville toon reeds die Zimbabwe ruïnes asook die Victoriavalle aan, 92 jaar voor Livingstone se ontdekking.

Tussen 1720 en 1780 het die VOC jaarliks 7,000 tot 8,000 mense indiens geneem om aan al die VOC se behoeftes te voorsien. Die maksimum vlak van indiensneming is in 1753 bereik toe bykans 25,000 mense in diens van die VOC was. 'n Standaard kontrakloon met indiensname was twee maande se salaris wat dan oorbetaal word aan die *zielverkopers*. Die VOC skepe was beman deur sekerlik die swakste klas mense van die gemeenskap. 'n Beskrywing van hulle gedrag[3] was: "*behaving like wild boars; they rob and steal, drink and go whoring so shamelessly that it seems to be no disgrace with them*" 'n Ander meer simpatieke perspektief vanuit dieselfde boek is: "*Jan Maat, the least and lowliest person aboard, must be ready on the slightest nod or command of any superior, to do everything he is told without grumbling. At any show of reluctance, he is threatened and beaten with the rope's end. The sailors must climb and clamber in the shrouds and on the yardarms by day and night, in storm and tempest. They must load and unload the ships, and they must stand like a lot of subservient slaves with hat in hand by the gangway whenever the skipper or another officer leaves or returns to the ship.*" Daar was wedersydse afkeer tussen die matrose en die soldate nie; in so mate dat hulle apart op die skepe gehou moes word. Die soldate was gewoonlik gehuisves op die laerdek terwyl die matrose se nagkwartiere op die *oorloopdek* was. Die soldate moes slegs wag hou op die skip terwyl die matrose al die harde werk moes doen. Dit het bygedra tot verdere druk op die onderlinge verhoudingstrukture. Die samestelling van die verskillende groepe uit verskillende nasionaliteite het ook bygedra tot wrywing veral tussen die Nederlanders, Duitsers en die Franse.

Die militêre range was soos volg en hul onderskeie verdienstes per jaar in Rijksdaalders[4] (Rds) was:

- *Kaptein* Rds80
- *Luitenant* Rds60
- *Vaandrig* Rds40
- *Titulair luitenant* Rds32
- *Sersant* Rds20
- *Korporaal* Rds14
- *Landspassaat* Rds12
- *Adelborst* Rds10
- *Soldaat* Rds9

[3] CR Boxer, *The Dutch Seaborne Empire*, p78.

[4] In 1780 was die waarde van een skaap een Kaapse Gulden (f) en die verwantskap was 1Rx = 3f = 48st So een Rijksdaaler was gelykstaande aan drie skape. Tans in 2004 is een skaap in Suid-Afrika sowat R350 tot R400 wers.

- *Rekruut* Rds7
- *Tamboer* Rds8.

*'n Predikant* het sowat Rds90 verdien maar was selde aan 'n skip toegeken. *Krank-bezoeker* of *Ziekentrooster,* het sowat Rds34 verdien en het ook in praktyk ook na die geestelike sake omgesien. *Opperbarbier/opperchirugyn*, of dokters verdien aansienlik minder as waaraan ons tans gewoond is, sowat Rds50. 'n *Onderbarbier,* sowat Rds24. 'n Geweersmit, swaardslyper en meubelmaker het sowat Rds14 verdien. Die nuwe VOC rekrute was knegte in diens gewees en het geringe werknemersvoordele gehad. Verblyf en voedsel was gratis maar al die ander kostes moes uit eie sak betaal word. Voorskotte kon op salarisse geneem word en vir familie gegee word maar volledige rekords was gehou in die *scheepssoldijboek,* insluitend boetes wat deur die Fiskaal (die polisieman) aan mense opgelê was. Klagtes oor kos was beboet met een maand se salaris terwyl die ooboord gooi van kos se boete twee maande se salaris was. Die persoon wat eerste land gesien het, of aandeel gehad het in dat die reis vinniger as gewoonlik afgelê was, het krediete verdien wat dan uitbetaal is sodra die persoon 'n vryburger geword het.

## 1.5 Die vaart na die Kaapkolonie

**Die eerste Suid-Afrikaanse[5] notule**



Die VOC is in 1602 gestig en het uit ses groeperings oftewel kamers bestaan. Die Kamer van Amsterdam was die dominantste en die grootste van die ses kamers. Uit 'n totaal van 1450 skepe wat die VOC in die twee eeue van sy bestaan gebruik het, is 725 skepe deur die Kamer van Amsterdam gebou. Gedurende die bloeitydperk van die VOC het meer as duisend mense op die skeepswerwe gewerk. Die Amstelrivier is in die IJ in die Oude Zijde op die regteroewer opgedam sodat die skepe daarin kon opvaar. Die vroeëre Amsteldam is deesdae 'n plein wat nou die middelpunt van Amsterdam vorm. Die skepe het vanaf die Damrak uitgeseil na die IJ wat in die Suidersee uitmond en het vandaar die wêreldreis onderneem. Toe Jan van Riebeeck Nederland in 1651 vir Kaapstad verlaat, was die *Council of Policy* alreeds gevestig. Aanboord van die skip *De Dromedaris* het Jan van Riebeeck sy vergaderings gehou. Die **notule** van die heel eerste vergadering gehou in Desember 1651 word hierbo vertoon. Dit kan beskou word as Suid-Afrika se stigtingsdokument. Sien 'n vergroting van hierdie dokument in hoofstuk 4.

Skeurbuik, en later vlektifus, was die siektes wat die meeste lewens geëis het. Skeurbuik was 'n verskriklike siekte; tande het uitgeval, tandvleis het sleg geword en moes weggesny word, asemhalingsprobleme en opgeswelde ledemate was van die gevolge. Skeurbuik was die gevolg van 'n tekort aan vitamiene C. Later het bemanning suurlemoene en lemmetjies

[5]http://www.vocsite.nl.

gebruik om dit te bekamp. Die siekte was baie erger wanneer hulle ook aan watergebrek gely het. Die siek persoon se liggaam was oortrek met blou vlekke. Die bene het opgeswel en swere het gevorm en later oopgebars. Die persoon ervaar benoudheid en vind dit moeilik om te hoes. Die meeste slagoffers sterf in die omgewing van die ewenaar, want dit is daar waar die waterrantsoen ingestel was. Dit was 'n voorsorgmaatreël aangesien die skepe water moes rantsoneer aangesien daar soms windstiltes naby die ewenaar voorgekom het.

Die voorgeskrewe oggendgebed op die VOC-skepe het gelui:
"*O eeuwige, almagtige God en Vader! Bevryd ons door uwe bermhertigheit voor alle schadelyke stormwinden, onweder en alle andere zeenoden. Verleen ons goet weder en bekwaamen wint, opdat wy onse aangenomen reis voorspoediglyk mogen volbregen tot Uwes Naams prys en eeredienste onzes Vaderlands, en troost der gene welken daaraan in het byzonder is gelegen.*"

Aan boord van 'n skip was daar natuurlik verskillende klasse persone. Daar was matrose, soldate, amptenare, passasiers en slawe. Dit was maar selde dat hulle 'n doodkis gebruik het - net vir gesiene hoërklas mense. Vir die andere was dit die gebruik om die afgestorwene toe te draai in 'n stuk ou seil of in sy hangmat of laken. Die seilmaker het dan die seil om die lyk met naald en garing toegewerk.

Dit was ook gewoonte dat die lyk 'n steek deur die neus gekry het met die naald en garing, dit was om seker te maak dat die persoon dood was. Daar was ook gewigte soos kanonballe binne die seil toegewerk - die rede hiervoor was om seker te maak dat die lyk in die diepte wegsak. Matrose en soldate het altyd gehoop dat hulle op land begrawe sou word. Slawe se lyke is onseremonieel sonder bedekking oorboord gegooi. 'n Mens lees in die VOC geskrifte hoe haaie die skepe gevolg het - veral waar daar met slawe gehandel was, omdat daar so baie van hulle lyke in die see geland het.

Daar was, soos te wagte, 'n direkte verbintenis tussen wat die benaming geëet het en hulle gesondheid. Die kos op die skepe het gou bederf. Eerste het die bemanning al die bederfbare kosse geëet. Daarna het die kos bestaan uit beskuit, ertjies, bone, gesoute-vleis, spek en vis. Botter was vir 'n lang tydperk tydens die vaart gebruik om mee te bak.

'n VOC matroos se voedsel rantsoen was as volg:

- Beskuit, drie pond per week
- Slaai olie kwart pint per week
- Asyn half pint per week
- Botter half pond per week
- Spek drie maal 'n week
- Gebakte stokvis en ertjies op sekere dae
- Rog gekook die dag na vasdag
- Brandewyn en Bier een *gill*[6] per dag dan het hulle ook kaas gekry.

Mortaliteit op die VOC skepe was hoog. Ongeveer 'n derde van die wat geseil het, het gedurende die vaart gesterf. Wanneer mense siek geword het op die skip, was daar akkommodasie vir tot 40 siekes in die siekeboeg. Die Noordsee was vriesend koud, aan die ewenaar was daar weer hoë temperature en hierdie ekstreme klimaatstoestande het ook hulle tol geëis onder die skeepslui.

[6] Een gill is gelykstaande aan 'n kwart pint of rofweg 'n derde van 'n glas se inhoud.

Die Kaapse nedersetting was gevestig om te dien as 'n hospitaal en as 'n verversingpos wat groente en ander voorraad te verskaf aan die skepe wat handel met die Ooste gedryf het. Hier kon die bemanning ook herstel na die reis. In tropiese gebiede het baie van die VOC personeel weer gesterf as gevolg van malaria, cholera, maagsiekte en koors. Terwyl die inboorlinge gesterf het van pokke en griep omdat hulle nie voorheen aan Europese siektes blootgestel was nie.

**Skepe by Tafelbaai**

Ander siektes wat ook algemeen was, was die besmetlike siekte genaamd rotkoors of roode loop. Die lopende maag was so erg dat dit tot bloeding gelei het - geen wonder dat dit bekend was as roode loop. Die persoon het aan hoofpyn gely en het begin yl. Die besmetting is veroorsaak deur kleerluise in vuil klere en vuil slaapgoed.

Geslagsiektes was ook algemeen en was bekend as *besmettelijke vrouwesieckte,* of as *Venus ziekte*. Hulle het die siekte behandel met kwiksilwer. Die *here van ses weke* (bynaam van die skeepsbemanning) het maar 'n los lewe geleef wanneer hulle aan die land gekom het. Die bynaam het gekom kom omdat die skepe gewoonlik ses weke in 'n hawe vertoef het.

Die skeepslui was ook gedurig nat van rëen, seesprei en ook as gevolg van lekplekke in die skip. Hulle moes na aan mekaar sit om warm te bly. Onder in die bedompige dekke was daar ook geen vars lug was nie. Op 14 April 1694 gee Simon van der Stel die volgende oorsake van siektes en ongevalle op die skepe: "*en navorsching gedaan, gevende d'ene dese, d'andere gene reden daar van, dog meest de wijt an de swaare kouwde dewelke de menschen in't hartje van den winter om de noord van schotland moeten uijtstaan, andere an de schaarzheid van pot spijs, of wel an de soldaten, dewelke uijt haar besetting of leger weg lopende met een besmettelijke siekte anboord komen, en 't gantsche schip ontsteken, en eindelijk werd voor gewent, dat de stervte voort komt door 't scheppen van saut water voor de water makers, also de Matrosen buijten boord en op een stelling staande, daar door geduurig nat en koud en weinig van verschoning van klederen versien zijnde siek worden en weg sterven.*"

Aan boord was daar 'n scheepschirugyn. Van 1652 het die Kamer van Amsterdam eksamens voorgeskryf vir persone wat die driejarige barbierskursus voltooi het en as chirugyns wou spesialiseer. Daar was 'n opperscheepschirurgyn, 'n onderscheepschirurgyn, en derde scheepschirurgyn. Die chirurgyn kon net mediese hulp verleen en het nie operasies ingesluit nie. Kinders so jonk as 13 en 14 jaar oud het na die Ooste gereis as derde scheepschirurgyn. As 'n mens al die ongevalle op die skepe in ag neem, is dit ongelooflik dat daar altyd mense was wat bereid was, of dalk so desperaat was om werk te kry op die skepe van die VOC.

Seilskepe was afhanklik van die wind en windrigting. Dit het ook gebeur dat die skepe soms vir weke in die hawe moes wag voordat die wind reg was om uit te seil. Twee keer

per jaar is van Nederland uitgevaar na die Ooste, later drie keer. Die Kermisvloot vertrek September tot Oktober. Die Kersfeesvloot vertrek rondom nuwe jaar. Die *Paasschepen* vertrek gedurende die tyd van Paas. Die Kersfeesvloot kon maklik kosvoorrade kry langs die kus van Afrika, asook bemanning werf, want daar was amper geen ander werk die tyd van die jaar op ander skepe nie en ook omdat dit dan Europese winter was.

**'n Kaart van Nederland in die 1700s**

Tussen 1700 en 1794 is meer as 700,000 mense deur die VOC na verskillende dele van die wêreld vervoer[7]. Die skepe het vergader en vir mekaar gewag by die Koopvaardersrede agter Texel sodat hulle saam kon uitseil. Die skepe van die VOC Kamers Rotterdam en Delft het vertrek van die Suid-Hollandse eiland Goeree, terwyl die skepe van die Kamer van Zeeland vanaf Vlissingen en Middelburg uitgevaar het. Die Kamer van Zeeland het 306 skepe gebou in die bestaan van die VOC. Middelburg lê binnelands op 'n klein eilandjie en het die kortste en beste verbintenis met die oop see gehad. Perde het langs die kanaal die skepe deur die kanaal getrek na hulle hawe bestemming van Rammekens.

**Seeroetes van die tyd waarin die voorvaders na die Kaapkolonie gevaar het**




Van Nederland het hulle deur die Engelse Kanaal geseil, maar gedurende die Engelse en Franse oorlog het hulle agter om Skotland en Ierland gevaar. Vandaar het hulle suid gevaar tussen die Asore en Kanariese eilande. Die VOC skepe het suid gevaar tot by die Kaap Verdiese-eiland groep langs die weskus van Afrika. Dan het hulle in 'n nou band geseil tot

[7] Sien Zeeuws Archief by http://www.zeeuwsarchief.nl.

by die ewenaar, wat bekend was as die "waspoor" (sien die parallelle lyne op kaart). Die "waspoor" het begin net suid van die Kaap Verdiese-eilande en van daar tot om en by die ewenaar. Dit was belangrik om binne die twee parallel bane te bly soos aangedui op die kaart anders sou hulle afkoers gewaai word, of met die see stroom wes of oos gedryf word, afhangende of die skepe noord of suid gevaar het. Sodra hulle deur die "waspoor" geseil het, het hulle in die rigting van Suid-Amerika geseil. Daar was groot vreugde wanneer hulle verby die gevaarlike Abrolhos eilande gevaar het. Die eilandriwwe strek vir honderde myle ook onder water en was 'n groot gevaar vir skepe. Die Abrolhos eilande is geleë tussen El Salvador (Bahai) en Rio de Janeiro. Die roete het dan verander na 'n oostelike rigting met die Kaap as bestemming. As hulle 'n bietjie van koers was dan het hulle in Saldanhabaai beland. Die reis vanaf Nederland tot die Kaap het gemiddeld 140 dae geneem.

Van die Kaap het hulle oos gevaar en gebruik gemaak van die *roaring forties* winde. Voordat die skepe Australië bereik het, het hulle noord gedraai om na Batavia (vandag bekend as Indonesië) te seil. Die reis van Nederland tot by Batavia het omtrent 9 maande geduur. Van die Kaap tot Batavia het 'n gemiddelde tyd van 80 dae geneem. Op pad was daar die moontlikheid om te stop in Brittanje, Kaap-Verdiese eilande, St Helena eiland en Mauritius, maar dit was net gedoen in geval van nood en wanneer die politieke gesindheid positief was. Wanneer die skepe 'n ander skip gesien het, het hulle 'n wit driehoekige vlag gewaai - dit was 'n teken van vrede en goeie gesindheid. Wanneer daar vyandskap was dan het hulle 'n rooi driehoekige vlag gewaai. Om van die Kaap na Ceylon en Bengal te seil, het hulle noord langs die Afrikakus op geseil, verby Madagaskar. Vandaar het hulle koers verander na Indië toe. Hierdie roete was nie beskikbaar gedurende die maande van die passaatwind (monsoon) nie. Die ander roete was om suid van Madagaskar om te seil en dan noord te draai. Van die Kaap na Ceylon het dit omtrent 93 dae geneem. Dit is heelwat langer as die 59 dae wat vandag se seilbote neem om om die wêreld te reis!

**Die onstuimige see naby Kaapstad**

**Spiegelschip** - (square stern ships) hierdie was een van die grootste skepe en het 'n plat agterkant gehad het. Die skip was 160 voet[8] lank en bewapen met kanonne waarmee hulle enige aanvalle kon afweer. Hierdie skepe was soortgelyk gebou as die oorlogskepe en was bekend as die groot Oos-Indiese skepe.

**Fluyt** - dit was meer van 'n stoorskip en was kleiner as spiegelschip. Die skip het 'n ronde agterkant gehad, en was baie gebruik in Europa. Die fluyt was 'n uitstekende skip vir groot vragte en was gebruik vir die vervoer van rys, graan en peper. Die VOC Kamer van Hoorn het die fluyt skip ontwerp en was 'n middelslaggrootte snelvarende driemas vragskip. Die skip het 'n klein dekoppervlakte gehad en kon met 'n bemanning van slegs tien tot twintig vaar.

**Pina**s (pinnacles) was soortgelyk aan 'n jaght wat tussen 116 voet en 128 voet lank was, het ook 'n plat agterkant gehad.

[8] Een voet is gelyk aan 30 cm en ook is 12 duim gelykstaande aan 30 cm. Een meter is gelyk staande aan 3.34 voet.

Die onderstaande tabel toon die nasionaliteit, datum en die skip se naam van die voorgeslagte van hierdie Brinklyn.

| Geslag en gekoppel aan | Stamvader besonderhede | Nasionaliteit van stamvader | Datum gearriveer in Suid-Afrika | Skip se naam |
|---|---|---|---|---|
| Stamvader | Andries Brink | Deens of Duits | 30 November 1734 | De Hoop |
| | Johannes de Waal | Nederlands | 26 Februarie 1715 | Doornik |
| | Adriaan Dirk Van Eck | Nederlands | Onbekend | Onbekend |
| Johannes (b5) | Hieronimus Hendriksz | Duits | 1735 | Onbekend |
| | Jacob Scheffer | Duits | 1713 | Onbekend |
| Cornelis (c3) | Jacobus de Wet | Nederlands | 19 Augustus 1693 | Nigtevecht |
| | Francois Du Toit | Frans | 23 Junie 1686 | De Vrijheit |
| Cornelis (d5) | Jan Louw | Nederlands | 16 Desember 1659 | Gekroonde Leeuw |
| | Johann Heinrich Hofmeyr | Duits | 17 Maart 1744 | De Standvastigheid |
| Arend (e9) | Johan Claus Möller | Duits | 1720 | Onbekend |
| | Christoffel Snyman | Duits | Onbekend | Onbekend |
| Bertie (f2) | Hercules Du Preez | Frans | 5 Junie 1688 | De Schelde |
| | Adriaan Prinsloo | Nederlands | Onbekend | Onbekend |
| Arend (g1) | John Lupton Topham | Engels | 1858 | Onbekend |
| | Jacob Krüger | Duits | 29 Januarie 1714 | Middelwoud |
| Arend (h4) | Friedrich Botha | Duits | 1678 | Onbekend |
| | Jean Le Roux | Frans | 13 April 1688 | Voorschooten |

Onderstaande is meer besonderhede oor van die skepe[9] waarop die voorvaders van hierdie Brinklyn in Suid-Afrika aangekom het. Nie alle beskikbare besonderhede oor die skepe word weergegee nie.

**Nichtevecht - 1692**
Skeep tipe: Pinas, vaartnommer 1657.1, vertekdatum in Amsterdam 17 Januarie 1693. Roete via Portsmouth waar die skip herstel word vanaf 20 Januarie tot 19 April. Tydens die tyd dros 10 bemanningslede. Totale sterftes gedurende die vaart is 11 bemanningslede. In gebruik deur die VOC vanaf 1692 tot 1711. Gebou vir die Kamer van Amsterdam in Amsterdam. Spesifikasie lengte: 144 vt 8,25 dm; breedte: 36 vt 8,25 dm; holte: 15 vt 6 dm; laaivermoë: 825 ton. Ook gespel as *Nigtevegt*. Skipper ten tye van aankoms: Gerrit Voordewind.

[9] http://www.inghist.nl/Onderzoek/Projecten/DAS/detailVoyage.

**De Hoop - 1734**
Skeeptipe: Galjoot
Die galjoot word in die 17e eeu gebruik en het 'n rondgeboude platbodem met een kiel. Afmetings het verskil en so ook die twee of drie mas variasies, hoewel die drie-mas die meeste deur die VOC gebruik was. Die galjoot was bekend vir hul snelheid en was grootliks gebruik vir vervoer van goedere tussen Nederland en Indië. Vaartnommer 8402.1 was op pad na Indië toe die skip op 30 November 1734 op die rotse loop by Dassen-eiland[10] tydens 'n hewige noord-westelike wind.

**'n Penskets van 'n tipiese galjoot soos *De Hoop***

Volgens alle aanduidings was daar geen drenkelinge nie en Andries bevind hom skielik op die vasteland Afrika waarvandaan hy dan nooit weer sal vertrek nie. 'n Gedeelte van die toerusting van *De Hoo*p is deur die skip *Feijenoord* gered, maar in 1736 vergaan laas genoemde skip aan die Suid-Afrikaanse kus naby Tafelbaai.

**Gekroonde Leeuw - 1654**
Skeeptipe: Spiegel
In gebruik deur die VOC vanaf 1654 tot 10 Februarie 1662, vergaan in Indiese Oseaan. Gebou op die skeepswerf te Enkhuizen. Laaivermoë: 1200 ton. Skipper tydens aankoms: Frederik Pool. Vergaan tydens storm verwysing 25/26 ZB.

**Voorschoten - 1684**
Skeeptipe: Fluyt, vaartnommer 1553.2
In gebruik deur die VOC vanaf 1684 tot 9 November 1706. Gebou vir die Kamer van Delft. Spesifikasies: lengte: 131 voet; breedte: 31 voet; holte: 13,75 voet; laaivermoë: 558 ton. Skipper tydens aankoms: Frans Valeriens. *De Voorschooten* het Delfshaven in Nederland op 31 Desember 1687 verlaat en Saldanhabaai op 13 April 1688 binnegevaar. Die passasiers, 12 mans, 4 vroue en 6 kinders, is met die sloep *Hector* na Kaapstad aangesien *De Voorschooten* herstelwerk in Saldanhabaai moes ondergaan en daarna direk na Batavia sou vaar sonder om by Tafelbaai aan te doen.

Die tipiese *spiegelretourschip* soos die *Gekroonde Leeuw* het die volgende kenmerke gehad:

- Gemiddelde lengte van ongeveer 40 meter met drie maste naamlik die *grote mast (13)* in die middel van die skip, *fokkemast (12)* seker met verwysing na die plek waar die

[10] Bruijn, J.R., Gaastra, F.S., Schöffer, I. *Dutch-Asiatic Shipping in the 17th and 18th Centuries* (3 Vols). The Hague, 1979, 1987 Turner, Malcom. *Shipwrecks & Salvage in South Africa, 1505 to the present*. Cape Town, 1988.

benaming posisie ingeneem het tydens mis om iets te gewaar, voor op die bakdek en die *bezaansmast (14)* op *die bovenkampanjedek*.

- Die *boegspriet (11)* kon, indien noodsaaklik ook voorsien word van twee ektra seile. Onder het die skip die groot vragruim gehad (1). Hierin kon 'n *koebrugdek (2)* aangebring word. Die koebrugdek kon gebruik word om slawe en/of speserye te berg. Op dié dek kon mense nouliks regop staan; die afstand tussen die balk en vloer was betreklik 'n anderhalwe meter.
- Die overloopdek (3) sluit die kombuis en ook alle ware wat in bottels/erdeware vervoer is. Die overloopdek was die belangrikste verblyfplek vir die bemanning en dien ook as dek vir die kannone.
- Aan die agterkant van die skip was 'n verhoogde gedeelte naamlik die *bovenkampanjedek (8)*. Hierin was kapteinskamer (5), die offisiere se kajuite (6) geleë.
- Die bovenkampanjedek het ook 'n half- of kampanjedek (7) gehad. In die trope was dit toegespan met 'n seil om beskerming te gee teen die son.
- Die skip word bestuur en beheer vanaf die *aanvankelijk* met behulp van 'n kolderstok en later met behulp van 'n stuurraad. De stuurplek vorm die agterste grens van die verdek (4).
- Aan die voorkant word die verdek begrens deur die bakdek (9). Die verhoogde gedeelte van die skip word ook as verblyfplek vir die bemanning gebruik.
- Die *galjoen (10)* was 'n versterkte gedeelte aan die boeg van die skip en was meestal voorsien met 'n pragtige gekerfde boegbeeld, meestal bepaalde karakteristieke vooraansig van 'n Oos-Indiëse vaarder.
- Die gemiddelde boutyd van 'n spiegelretourskip was vyf tot agt maande, die boukoste het ongeveer Rds90,000 en Rds110,000 beloop. Die laaivermoë was gemiddeld 800 ton en 'n skip se gemiddeld leeftyd was ongeveer 15 jaar.

**'n Skets van 'n Spiegelretourschip**




Hierdie stuk kan egter nie afgesluit word sonder om die volgende te noem nie. Die gebruik dat vrouens en kinders eerste 'n sinkende skip moet verlaat is in 1852 aan die Suid-Afrikaanse kus begin. Tydens die *HMS Birkenhead* ramp op 26 Februarie 1852 waar 445 mense omgekom het, het kolonel Alexander Seton beveel dat die vrouens en kinders eerste die skip moet verlaat. Vandag nog word gepraat van die *Birkenhead drill*.

## 1.6 Die slawe aan die Kaapkolonie

Die vroeë Kaap is nie net deur die VOC amptenare en kontrakwekers en die Hugenote beset nie, maar ook deur slawe wat hulle vryheid verloor het as gevolg van gevangenisneming of diegene wat soms op die skepe skuiling gesoek om so te ontvlug van hulle omstandighede. Die datum van die eerste aankoms van slawe is onbekend aangesien baie van die skepe wat langs die Kaapse seeroete vergaan het, wel baie slawe aan boord gehad het. Dit is bekend dat van die slawe dus reeds voor 1652 hulle weg na die Kaapstad se omgewing gevind het. Minder as 'n jaar na Jan van Riebeeck se aankoms word die eerste slaaf amptelik ingevoer. Hy was Abraham en kom per skip genaamd *Malacca* in Kaapstad vanaf Batavia op 2 Maart 1653 aan. Die eerste slaaf wat vrygestel is aan die Kaap was Catharina Anthonis, afkomstig van Bengale, Indië. Jan Woutersz het met haar in die huwelik getree op 21 Mei 1656.

**Kaapstad[11] Suid-Afrika**

Die eerste skip, die *Amersfoort*, vol slawe, arriveer in 28 Maart 1658 aan die Kaap met 174 slawe vanaf Angola. Weens verskeie redes verminder hulle getalle binne enkele jare na 43. Die volgende skip arriveer binne drie maande op 6 Mei 1658 met 228 slawe van Guinea, Afrika, aan boord van die skip *Hasselt*. As hierdie twee vragte slawe in berekening gebring word met die klein aantal VOC amptenare, dan is dit nie vreemd dat so baie families slawe as stammoeder het nie. In 1702 was die totale Europese vroue getal maar 242 gewees. Reeds in 1717 het die slawebevolking dié van die blanke koloniste in getalle oortref. Oosterse slawe was in aanvraag omdat hulle bekwaam was en dikwels 'n ambag kon beoefen. Rusie en geweldpleging onder die slawe was geen seldsaamheid nie. Volgens algemene gebruik is slawe in daardie jare baie swaar gestraf vir oortredings. Die slawewette[12] wat in 1754 deur Tulbagh in 'n kode saamgevat is, het bepaal dat die doodstraf slegs vir aanranding en moord toegepas kon word. Lyf- en kettingstraf is toegepas wanneer 'n slaaf sy meester met smaad of hoon bejeen het, lasterlike taal gebruik of valse aanklagte gemaak het. Vir alle ander vergrype is lyfstraf toegepas.

Die slawe aan die Kaap het meestal van die volgende lande af gekom:

- Indië
- Bangladesh
- Indonesië
- Abessinië, vandag bekend as Ethiopië
- Mosambiek
- Madagaskar
- Guinea
- Angola.

[11] Gesien van uit die Strand gebied.

[12] 1807 word slawerny verbied. Geen nuwe slawe word in die Kaapkolonie toegelaat nie. In 1834 word slawerny afgeskaf. Slawe indiens van hulle meesters staan bekend as vakleerlinge tot en met 1838.

**Boom[13] waaronder slawehandel plaasgevind het**

Eikeboom in George, geleë tussen Kaapstad en Port Elizabeth, waar slawe volgens oorlewering vasgeketting was. Die staal ring aan die basis van die boom is steeds sigbaar en in goeie toestand.

In teenstelling met ander gemeenskappe van slawe elders in die wêreld was die Suid-Afrikaanse slawe nie homogeen nie en was dit 'n mengsel van kosmopolitiese slawe samestellings. Die slawe kom hoofsaaklik uit drie dele naamlik Afrika, Indiëse sub-kontinent en Oos-Indiës wat saamgestel is uit Indonesië.

Die slawe wat na Kaapstad toe verskeep was kan in drie groepe verdeel word, te wete VOC slawe, VOC werkgewers se slawe en vryburgers se slawe. Die slawe se lewe was hard en hulle het feitlik geen regte gehad nie. Hulle is verkoop en gekoop soos ons vandag handelware verhandel en was ook verbied om te trou met ander slawe. Hulle het geen wetlike aansprake gehad op die gemene reg nie maar is wel toegelaat om in *order to share in the laws of nature, they could cohabit even though they could not marry*. Slawe was verbied om kinders by ander slawe te verwek, kon geen eiendom besit nie en het geen inspraak gehad oor die tipe werk wat verrig moes word nie. Teen 1770 het ongeveer 70 persent van die burgers ten minste een slaaf gehad. Eie soort noemname het met tyd vir slawe ontwikkel soos Februarie, September, Oktober en Vrydag. Ook klassieke name soos Kupido, Hannibal, Venus, Scipios, Darius, Adonis, Apollos. Ou Testamentiese name Moses, Abraham en Dawid het voorgekom en natuurlik ook die naam van eienaar of vader van die kind soos - Adams, Abrahams, Jacobs, Jantjies en Anthonissen.

Die slawe het 'n groot invloed gehad op die kultuur wat vandag nog in Suid-Afrika verteenwoordig is. Verskeie soorte geregte sosaties (kebabs), bobotie, blatjang, bredies is almal te danke aan die slawe.

Volgens die taalkundiges is die volgende woorde ook te danke aan die slawe:

- baadjie - jacket,
- baie - a lot or plenty,
- piering - saucer,
- sjambok - whip,
- pondok - hut,
- rotang - cane,
- outa - used for elderly man or servant,
- aia - for a lady servant
- kaija - rough dwelling,
- njonja word nonna wat mejuffrou in Maleis is.

[13] George is geleë in die Wes Kaapse gebied.

Die vroulike slawe het 'n baie beter kans gehad om sosiaal opwaarts te integreer in die sogenaamde VOC statusklas in. Die vroulike slawe het egter ook 'n ander baie belangrike rol vervul. "*The slave wet-nurse was a pivotal figure in the burgher family. While wet-nursing was frowned upon in Holland, at the Cape the suckling of European babies by slave women was widespread. It made it possible for the biological mother to ovulate sooner and have children at shorter intervals. Thus wet-nurses and nannies shared the burden of the prodigious growth of the burgher population. Wet-nursing, in consequence, also contributed to the failure of the slave population to reproduce itself in the eighteenth and early nineteenth century, since suckling a child hampered a wet-nurse's own fertility. Acting as a nanny to white children limited the time a female slave could spend with her own.*[14]"

Die manlike slawe moes meeding met vryburgers, VOC werkers, matrose en soldate vir die vroulike aandag. As 'n manlike slaaf 'n verhouding met 'n Europese vrou aangeknoop het, het dit die doodstraf beteken. Die Europese mans kon egter wel verhouding met 'n slaaf aanknoop hoewel dit nie goedgekeur was nie. Die kind se status is bepaal volgens die status van die moeder - matrilinêer. As die moeder 'n slaaf was bly die kinders slawe en as die moeder 'n vryburger was, is die kinders ook vry. Die man se status het geen invloed gehad nie.

Tot op hede is daar slegs één stamvader wat wel 'n slaaf was opgeteken naamlik Christoffel Snijman, later ook Snyman gespel. Christoffel was gedoop 9 Maart 1669, sy vader was Hans Christoffel Snijman 'n soldaat by die Kaap. Sy vader het 'n skelm verhouding gehad met die slafin Catharina van Bengale[15], sy was ook bekend as Groote Catrijn. Sy vader is toe na Robben-eiland gestuur op die 30 Julie 1667. Christoffel se moeder was dus hierdie Catharina van Bengale. In 'n brief van die owerheid 6 Januarie 1672 word daar melding gemaak dat Groot Catrijn vrygestel was. Sy moeder trou later met die vryswarte Anthony (Jansz) (de Later) van Bengale, wat toe Christoffel se stiefvader word. Daar moes 'n tragedie plaasgevind het want die hele familie is behalwe Christoffel ewe skielik tussen Desember 1682 en Februarie 1683 oorlede. Christoffel was een van die min manlike halfslag slawe wat in die wit gemeenskap ingetrou het. Christoffel trou in Julie 1689 met Margaretha Therese de Savoye van Gent, Vlaandere. Haar ouers was Jacques de Savoije en Marie Madeleine de Klerk. Margaretha het in 1688 saam met haar ouers na die Kaap gekom, sy was toe 17 jaar oud. Haar gesin was Hugenote vlugtelinge en het met die skip *Oosterland* aangekom.

Christoffel en Margaretha het nege kinders gehad:

- b1 Jacobus Christoffel Snyman jonk †
- b2 Catharina Snyman x Johannes Viljoen
- b3 Maria Magdalena Snyman x Theunis Botha
- b4 Christina Snyman x Jeremias Roux
- b5 Elsie Snyman x Jacobus Botha
- b6 Johanna Snyman x Anthonie Lombard
- b7 Philippus Snyman x Johanna Margaretha van Deventer
- b8 Susanna Snyman x Jacob Coetzer
- b9 Elisabeth Snyman x Jan Hendrik van Helsdingen.

Dit beteken dus dat die Snymans, Viljoens, Bothas, Rouxs, Coetzer en die van Heldingens almal as familie 'n slaaf as stamvader aan moederskant het.

---

[14] Robert Snell, Tender Ties: *The women of the Cape Slave Society*, papers presented at the Institute of Commonwealth Studies, University of London 1992.

[15] Van Bengale, Van de Kaap, van Cabo, van de Cabo ensovoorts agter slawe name beteken presies van waar hulle kom en het dan meestal die agtervoegsel as van aangeneem.

## 1.7 Die erfenis van voorouer gene

Die oorerwing van genetiese material (gene) wat 'n persoon van sy of haar ouers ontvang het is nie so eenvoudig as wat dit met die eerste oogopslag lyk nie. Om die saak korrek te verstaan moet 'n mens tussen drie groepe genetiese materiaal onderskei wat alles van 'n persoon se ouers oorgedra kan word.

Die eerste groep is sitoplasmiese organelle, waarvan mitochondria een is, dra erflike materiaal in die vorm van DNA. Hierdie materiaal is nie deel van die 23 paar chromosome wat alle normale persone dra nie. Na aanleiding van die internasionale genoom-projek lei ek af dat hierdie sitoplasmiese genetiese materiaal ongeveer 3 persent van 'n mens se totale genetiese materiaal uitmaak. Al hierdie materiaal in 'n gegewe persoon is oorspronklik van die persoon se moeder afkomstig. Wanneer die persoon weer op sy beurt kinders het verskil oorerwing tussen seun en dogter. Al die sitoplasmiese organise eienskappe van 'n vrou kan aan al haar kinders, seuns en dogters oorgedra word. Daarteenoor dra 'n man niks of bykans niks van sy sitoplasmiese genetiese materiaal aan sy kinders oor nie.

Die tweede groep hou verband met genetiese geslagschromosone. Een paar geslagschromosome - een X- en een Y-chromosoom in die geval van 'n man; en twee X-chromosome in die geval van 'n vrou. Die genetiese materiaal op die X-chromosoom bepaal 'n ryke verskeidenheid van eienskappe terwyl die Y-chromosoom relatief arm aan genetiese materiaal is. Die Y-chromosoom speel egter 'n belangrike rol in geslagsbepaling. Twee-en-twintig paar somatiese chromosome. Een van elke paar is van 'n persoon se vader afkomstig en die ander een van 'n persoon se moeder. 'n Vrou kan enige een van haar X-chromosome, paternaal of maternal, aan enige een, seun of dogter, van haar kinders oordra. Die X-chromosoom wat 'n kind ontvang is egter bykans altyd 'n mengsel van paternale en maternale X-chromosome, omdat oorkruising tussen dele van die X-chromosome plaasvind tydens seldeling, meiose, wat vorming van 'n vrou se ova voorafgaan.

'n Man (XY) kan slegs sy Y-chromosoom aan sy seuns aangee en hy kan slegs sy X-chromosoom aan sy dogters aangee. Geen oorkruising vind tussen X en Y chromosome plaas nie. Al die broers besit dus presies dieselfde Y-chromosoom. Desgelyks is die paternale X-chromosoom in alle susters, van dieselfde ouers, presies dieselfde X-chromosoom.

Die derde groep is somatiese chromosone. Dit is ten opsigte van hierdie chromosome waarmee daar meeste misgetas word. Daar word dikwels verklaar dat 'n persoon 25 persent van sy genetiese materiaal van elkeen van sy grootouers af ontvang. Of dat 'n persoon 12.5 persent van sy genetiese materiaal vanaf elkeen van sy oor-grootouers af ontvang. Die fout wat gemaak word lê eintlik in die woordgebruik: Die 25 persent of die 12.5 persent is die verwagte hoeveelheid genetiese materiaal wat 'n persoon van sy genoemde voorouers af kan ontvang. Die werklike hoeveelheid genetiese materiaal wat hy of sy van die genoemde voorouers af ontvang het mag om drie redes van die verwagte waardes af verskil.

Een rede is vanselfsprekend die verskille tussen sitoplasmiese, X-Y en somatiese faktore wat hierbo uiteengesit is. Die tweede rede is die volgende: Seldeling, meiose, vind in 'n mens se liggaam plaas wanneer sperma of ova gevorm word. Na afloop van daardie proses bevat elke sperm of ovum slegs een van elkeen van die 22 paar chromosome en daardie chromosoom is nie elke keer paternaal of maternaal van oorsprong nie. Na verwagting sal elke geslagssel paternale en maternale chromosome in 'n 50:50 verhouding bevat. In die

praktyk kan enige getal chromosome, vanaf 0 tot 11, in 'n geslagssel paternaal of maternaal wees.

Die derde rede waarom daar afgewyk word van die genoemde, verwagte 25 persent of 12.5 persent het met oorkruising te doen. Oorkruising is 'n proses waardeur maternale en paternale chromosome breek en dan gedeeltes van hulle chromosome uitruil wanneer die gebreekte punte weer geheg raak. Die resultaat is dat elke chromosoom op daardie stadium 'n mengsel van maternale en paternale genetiese materiaal is. Die hoeveelhede wat op hierdie manier uitgeruil word wissel en is onvoorspelbaar. Om saam te vat, geen geslagsel bevat waarskynlik 50 persent genetiese materiaal van 'n maternale oorsprong en 50 persent van 'n paternale oorsprong. Die 50 persent syfer bly egter 'n korrekte verwagte waarde.

Gestel 'n Suid-Afrikaner, man of vrou, stel sy of haar geslagregister op totdat elke lyn van afstamming teen 'n immigrant vasloop, maw op dieselfde manier as wat mens 'n kwartierstaat sou opstel. Dan is daar drie faktore wat met die bostaande uiteensetting verband hou. Die sitoplasmies-genetiese materiaal wat die persoon dra, sal bykans onveranderd, al die pad vanaf sy vroulike voorouer op die maternale lyn van afstamming, afkomstig wees. Indien die betrokke persoon 'n man is, het sy Y-chromosoom, al die pad langs die manlike lyn van afstamming van sy paternale voorouer af gekom. Daar is geen waarborg dat enige ander genetiese materiaal wat deur die betrokke persoon se stamouers gedra is, behalwe die sitoplasmiese genetiese materiaal en die Y-chromosoom waarna hierbo verwys word, in die persoon onder bespreking gevind sal word nie. Natuurlik sal 'n dogter ook nie die Y-chromosoom in haar samestelling hê nie.

Wat beteken bogenoemde verduideliking oor oorerwing van genes? Dit is moontlik dat 'n nasaat van Andries Brink geen genetiese materiaal van hom sal dra nie. Dit beteken ook dat 'n nasaat van Einstein moontlik geen genetiese materiaal van hom sal dra nie. Dit beteken ook dat die geskatte 3 persent of 8 persent slawebloed wat in die Afrikaner se are vloei ver van die kol af kan wees, aangesien daardie beramings almal op verwagte waardes gebaseer is en nie op werklike bloed-samestellings nie. Hierdie fout word waarskynlik nog verder vergroot deur die feit dat die voorstanders van die 3 persent tot 8 persent syfer geen voorsiening vir die effek van seleksie maak nie. Daarmee word bedoel, dat te donker kinders dikwels deur die Afrikaner gemeenskap verstoot is, waarna hulle hul dan by 'n gekleurde gemeenskap aangesluit het. Alhoewel sodanige gevalle van seleksie nie gereeld voorgekom het nie is dit tog toegepas. Volgens berekeninge van Heese was die bloedsamestelling van die Afrikaans-sprekende in 1807 as volg, nieteenstaande bogenoemde inligting:

- Nederlanders 36.8 persent
- Duits 35 persent
- Frans 14.6 persent
- Swart 7.2 persent
- Ander 6.4 persent.

Daar is egter sekere oorerwing wat aan die nageslagte oorgedra sal word. Vir die negende geslag sal die volgende geld:

- Vir die manlike nageslag, - bles word is feitlik ‘n voldwonge feit. Daar is nie een Brink van al die voorgeslagte wat nie ‘n goeie bles ontwikkel het nie.
- Marilize Ronel (b1c5d3e9f2g1h4i3) sal kleurblindheid oordra na haar seuns. Hierdie gene is afkomstig Godfrey William Topham se familielyn, sien (b7c5d3e9f2g1). Die

dogter dra dit oor aan die seun wie 'n 50 persent kans het om kleurblind te wees. Cornelis Bertie (b1c5d3e9f2g1h1) is nie kleurblind nie maar wel Arend ((b1c5d3e9f2g1h4).

- Linkshandig kom ook voor onder die Brinks. Die drie Arends naamlik (b1c5d3e9), (b1c5d3e9f2g1) en (b1c5d3e9f2g1h4) is almal linkshandig. Van die kinders van Arend (b1c5d3e9f2g1h4) is in sommige aktiwiteite linkshandig vaardig tog is almal regshandig.
- Asma kom ook voor van twee kante in die agste geslag, naamlik vanaf Krügers (b1c5d3e9f2g1h4) en die Bothas (b1c5d3e9f2g1h4).
- Slaap apnee, is 'n toestand waar daar vir kort tussenposes nie asemgehaal word tydens slaap nie. Ongeveer 4 persent van alle mans ly hieraan. Arend (b1c5d3e9f2g1) het vermoedelik hieraan gelei. Bertie (b1c5d3e9f2g1h1) het dieselfde slaapversteurings.
- Daar is 'n baie klein waarskynlikheid van diabetes by die nageslagte. Die Le Rouxs (b1c5d3e9f2g1h4) het wel daaraan gely.
- Daar is beslis 'n streep van 'n swak spelling onder die Brinks, waarvan daar seker ook heelwat in hierdie stuk sal wees.
- Onder die Botha's kom bipolêre depressie voor terwyl onder die Krügers gewone depressie voorkom.

Die onderstaande tabel verskaf die persentasie genetiese ooreenstemming met Self.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Voorgeslagte | | | | | **2de Oorgrootouers**<br>ooroupagrootjie<br>ooroumagrootjie<br>6,25% |
| | | | | **Oorgrootouers**<br>oupagrootjie<br>oumagrootjie<br>12,5% | oorgrootoom<br>oorgroottante<br>6,25% |
| | | | **Grootouers**<br>oupa/ouma<br>grootvader/pa<br>grootmoeder/ma<br>25% | grootoom/-tante<br>oudoom/-tante<br>12,5% | oorgrootooms-kind<br>3,125% |
| | | **Ouers**<br>vader/pa<br>moeder/ma<br>50% | oom<br>tante/tannie<br>25% | grootooms-kind<br>6,25% | oorgrootooms-kindkind<br>1,563% |
| Huidige Geslagte | **Self**<br>100% | broer<br>suster<br>50% | (eie) neef<br>niggie/oomskind<br>12,5% | kleinneef<br>kleinniggie<br>3,125% | agterkleinneef<br>agterkleinniggie<br>0,781% |
| Nageslagte | seun/dogter<br>kind<br>50% | broers-kind<br>25% | neefs-kind<br>6,25% | kleinneefs-kind<br>1,563% | agterkleinneefs-kind<br>0.39% |
| | kleinseun/dogter<br>kleinkind<br>25% | broers-kleinkind<br>12,5% | neefs-kleinkind<br>3,125% | kleinneefs-kleinkind<br>0,781% | agterkleinneefs-kleinkind<br>0,195% |
| | agterkleinseun<br>agterkleinkind<br>12,5% | broers-agterkleinkind<br>6,25% | neefs-agterkleinkind<br>1,563% | kleinneefs-agterkleinkind<br>0,39% | agterkleinneefs-agterkleinkind<br>0,097% |

## 1.8 Samevating

Hoofstuk 1 het die agtergrond geskets van die gebeure wat aanleiding gegee het tot voorouers se besluit om te emigreer na Suid-Afrika. Voorts is daar ook aangedui dat veral deur die godsdiens vervolging in Frankryk die saad van 'n sterk Calvanistiese bevolking reeds vroeg in die Suid-Afrikaanse families opspoorbaar is. Navorsing het getoon dat Andries Brink geen familiewapen nagelaat nie.

Dit is egter opvallend hoeveel mense moderne uitgawes van simbole aanhang as synde familiewapens. Selfs direkte vergelyking met die koningshuise van England, Nederland of Denemarke toon dat vandag se wapens meer moderne neigings het as dié van die koningshuise. Waarom sou nie-koninklikes *commoners* dan sulke wonderlike familiewapens besit terwyl die koninklikes betreklike eenvoudige wapens het - sonder al die volstruisvere?

Ook is aangetoon dat almal van ons nie-Europese voorouers het. Tog is dit ook geen skandevlek nie. 'n Beduidende hoeveelheid van die slawe was afkomstig vanuit die Ooste, wat die mite dat die slawe almal van midde-Afrika was weerlê. Hoofstuk 1 het ook kortliks die seereis en alles wat darmee gepaard gegaan het beskryf. Dit was beslis nie 'n maklike en genotvolle reis nie. Hoe dit ook al sy slegs die sterkstes en gesondes het oorleef en is die Suid-Afrikaners van vandag geregtig om breë bors rond te loop met 'n ryke erfenis en tradisie wat hul geërf het van verskeie volkere.